

Sing vooraf staande: Psalm 81:1, 11, 12 (p. 411)

- 1 Laat ons nou die HEER / wat sy volk verbly het / deur sy sterkte, eer!
Hom, die grote God, / wat weer feesgenot / vir sy volk berei het.
- 11 Ek is God en HEER / wat die volk bevry het – / Ek en niemand meer!
Wat jul deur my hand / uit Egipteland / veilig uitgelei het.
- 12 Open julle mond, / eis van My vrymoedig / op my trouverbond:
al wat jul ontbreek, / skenk Ek as jul smEEK / mild'lik en oovloedig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 98:1, 2 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;
dit slaan die wêreldes gade / nou onse God sy heil ons skenk.
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 86:5, 6 (p. 433)

- 5 Al die volke in heidenlande – / eie maaksel van u hande –
sal hul neerbuig voor U, HEER, / en u Naam aanbiddend eer.
Want u grootheid ken geen perke; / U alleen doen wonderwerke:
daar 's geen God naas U, geeneen, / U is God, ja, U alleen!
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Gebed

Psalm 50:5, 6 (p. 255)

- 5 “Geen stier hoef 'k uit jou huis te lei / of offerdiere uit jou kraal:
die diere wat in wildheid wei, / kan Ek van duisend berge haal.
Die voëls op die berge vry, / al wat beweeg – dit hoort aan My.”
- 6 “Dus sal 'k, o mens, na jónie kom, / en het Ek honger, jónie vra:
die aarde is my eiendom / en al die volheid wat hy dra.
Sou Ek op stierevleis dan wag, / op bloed van bokke, vars geslag?”

Skriflesing: Romeine 9:1-18; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, Artikel 10

Kernvers: Romeine 9:11-12

Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep, is vir haar gesê: Die oudste sal die jongste dien.

(Romeine 9:11-12 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 1, Artikel 10

Die oorsaak van hierdie genadige uitverkiesing is inderdaad slegs die welbehae van God. Dit bestaan nie daarin dat Hy uit alle moontlikhede sekere menslike hoedanighede of dade as 'n voorwaarde vir die saligheid uitgekies het nie. Dit bestaan wel hierin dat Hy sekere, bepaalde mense uit die hele menigte sondaars as sy eiendom aangeneem het. Soos geskrywe is: Toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie ... is vir haar (nl. Rebekka) gesê ... Die oudste sal die jongste dien. Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat (Rom 9:11-13); en: Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Hand 13:48).

Tema: Die rede waarom God sekere mense uitverkies

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in artikel 7 bely ons breedvoerig wat die uitverkiesing van God is. In artikels 8 en 9 bely ons wat die uitverkiesing nie is nie. Die uitverkiesing is nie veelsoortig nie, maar is een en dieselfde vir almal wat salig word. **Die Skrif verkondig immers aan ons net een welbehae, voorneme en raad van die wil van God** (Dordtse Leerreëls 1:8). God het ook nie mense uitverkies omdat Hy vooruit gesien het dat hulle sal glo nie. Die verhouding tussen geloof en uitverkiesing is juis andersom. Omdat God 'n sekere aantal mense uitverkies het, wek die Heilige Gees die lewendmakende geloof in hulle harte op wanneer hulle die evangelie van Jesus Christus hoor (Dordtse Leerreëls 1:9).

Aangesien geloof of geloofsgehoorsaamheid dan nie die oorsaak van die uitverkiesing is nie, wat is dan die oorsaak van die uitverkiesing? **Die oorsaak van hierdie genadige uitverkiesing is inderdaad slegs die welbehae van God.** Ons almal herken die woord *welbehae*, maar ek dink min van ons sal aan ons kinders kan verduidelik wat bedoel word met die *welbehae* van God. Daarom is dit nodig dat ons hierdie woord eers van nader

ondersoek.

Om te begryp wat die welbehae van God is moet ons terugkeer na die Skrif, want hierin openbaar die Here Homself aan ons. Uit die Woord kom ons onder die indruk dat God Homself liefhet. Alles wat Hy doen, doen Hy om sy eie eer te bevorder en om Homself te verheerlik (vgl. Eseg 20). God doen dus alles wat Hy doen vir Homself.

Die engele is geskape om God te eer. Ons hoor hoe die engele voor God se troon staan en sy lof en eer onophoudelik besing (Jes 6:3) Die ganse skepping, soos wat dit vir ons in die vier lewende wesens van Openbaring 4 voorgestel word, bring onophoudelik eer aan God (Open 4:8). Die mens is dus ook vir hierdie doel geskape. Voor die sondeval was al Adam en Eva se doen en late daarop gerig om aan God al die eer en heerlijkheid te bring. Ons mense is dus nie vir onself nie maar vir God geskape. As ons egter nou na ons lewens kyk dan sien ons hoe ver ons verval het – weg van die Here af. Van nature wil ons net vir onself lewe. Ons wil ten koste van alles en almal tevrede wees.

Wanneer die sondaar tog hoor dat hy eintlik tot eer van God moet lewe en nie vir homself nie, is hy vermetel genoeg om te dink dat die Here afhanklik is van die eer wat die mens aan Hom behoort te bring. Daar is selfs mense wat sover gaan om te sê dat God eintlik sonder die eer en verheerliking van mense sal ophou om te bestaan. Mense dink so aangaande God wanneer God vir hulle net 'n idee is en nie die persoonlike en almagtige, heilige Skepper van hemel en aarde nie.

In Psalm 50 maak God self duidelik dat Hy geensins die verheerliking van mense nodig het nie. Hy het nie mense se eer nodig om God te wees nie. Hy is van ewigheid tot ewigheid God en in Homself tevrede. Wanneer Hy die mens dan skeep om Hom te verheerlik, beteken dit nie dat God Homself nie meer verheerlik nie. Die verheerliking van God deur die mense en alle skepsele vergroot alleen maar die eer en heerlijkheid wat God aan Homself toebring.

Met die sondeval lyk dit asof daar 'n streep deur die verheerliking van God getrek word. Die mense bring nie meer die eer en heerlijkheid aan die Here nie, want die mens leef in sy sondegevalleheid net vir homself. Maar die Here laat Hom nie van sy eer beroof nie. Die sondeval was inderdaad teen God se wil, maar dit was nie buite sy wil nie. Die sondeval het God nie onkant gevang nie. In die ewigheid het Hy sy Seun al as Middelaar en

Verlosser van die mens bestem. En in die ewigheid het Hy mense in Christus uitverkies wat Hy weer tot geloof in Hom sal bring sodat sy eer en verheerliking groter en groter kan word.

Dit is omdat God Homself liefhet en Homself in alles verheerlik dat Hy mense uitverkies sodat daar nog meer eer uit die skepping Hom kan toekom. Die welbehae van God, sy liefde vir Homself, is die rede waarom Hy mense uitverkies.

Geen hoedanigheid of daad van die mens kan as 'n voorwaarde aangevoer word waarom God mense uitverkies het nie. Daarom bely ons: Die welbehae van God **bestaan nie daarin dat Hy uit alle moontlikhede sekere menslike hoedanighede of dade as 'n voorwaarde vir die saligheid uitgekies het nie**. Dit wil sê, nie 'n mens se geloof of geloofsgehoorsaamheid is die rede waarom God iemand uitverkies nie. Dit is ook nie omdat 'n mens so 'n groot sondebeseftig het of dat hy so ernstig en diep nadink oor die Woord van die Here dat 'n mens uitverkies is nie. Die welbehae van God **bestaan wel hierin dat Hy sekere, bepaalde mense uit die hele menigte sondaars as sy eiendom aangeneem het**. Soos geskrywe is: Toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie ... is vir haar (*nl. Rebekka*) gesê ... Die oudste sal die jongste dien. Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat (*Rom 9:11-13*); en: Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (*Hand 13:48*).

Ter wille van Homself kies God mense uit omdat Hy Homself in en deur hulle gaan verheerlik, want Hy alleen is God. God kies mense uit nie oor wie hulle is of wat hulle doen nie. Hy kies hulle uit ten spyte van wie hulle is en ondanks wat hulle sal doen. Luister net hoe openbaar die Here dit in Romeine 9.

Broers, susters en kinders, twee weke gelede het ons by Romeine 8:29 en 30 stilgestaan. In daardie twee verse het dit duidelik geword dat wanneer God in die ewigheid besluit om 'n mens uit te verkies, voer Hyself daardie besluit van A tot Z self uit. Hoekom doen die Here dit so en laat Hy niks aan die mens oor om te doen nie? Omdat Hy Homself en sy Seun wil verheerlik deur die mense wat Hy uitverkies het. Hierdie sekerheid oor die Here se werk om mense uit te verkies en uiteindelik te verheerlik, lei daartoe dat Paulus Romeine 8 afsluit met 'n loflied waarin onder andere gesê word:

Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of

teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie. (Romeine 8:38-39 AFR53)

In Romeine 9 gaan Paulus voort om te verduidelik waarom 'n ware gelowige se verlossing vas en seker is. In hierdie verduideliking raak hy die vraagstuk aan: As God se beloftes om die Jode te seën vas en seker is, waarom gebeur dit dan dat so baie Jode vir Christus verwerp? En aangesien hulle vir Christus verwerp, beteken dit dan dat God se beloftes aan hulle sommer in die niet verdwyn? En as sy beloftes vir Israel op niks kan uitloop, bestaan die moontlikheid mos dat daardie heerlike beloftes aan die einde van Romeine 8 ook tot niet kan gaan.

Die Heilige Gees verseker ons dat God se beloftes aan Israel nie tot niet gegaan het nie. In vers 6 sê Paulus:

Maar ek sê dit nie asof die woord van God verval het nie;

en dan gee hy 'n rede vir hierdie stelling:

want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie. (Romeine 9:6 AFR53)

Hierdie woorde was soos koue water in die gesig van die trotse Joodse volk. Hulle het immers gedink dat alle Jode gered word bloot omdat hulle Jode is. As jy kan bewys dat jy uit die nageslag van Abraham is, is jou plek in die koninkryk van God verseker, het baie Jode geglo. Die Heilige Gees sê dat dit nie die geval is nie.

Paulus gee twee voorbeelde uit Israel se eie geskiedenis om aan te toon dat God se beloftes aan Israel nie in die niet verwyn het nie. Die eerste voorbeeld is Abraham se eie twee seuns – Ismael en Isak. As 'n mens kan bewys dat jy van Abraham afstam, beteken dit nie dat jy werklik 'n kind van Abraham is nie. Ismael en Isak was albei Abraham se eie seuns, maar net Isak was die kind volgens God se belofte. Die Here het net aan Isak en sy nageslag die geestelike seën belowe.

In vers 8 herhaal Paulus dit in ander woorde:

Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die kinders van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag. (Romeine 9:8 AFR53)

Alhoewel die Here die volk Israel onder al die volke gekies het en Hy die belofte van

geestelike seën aan Isak en sy nageslag gegee het, het die Here nie belowe om elke Israeliet te red nie. Net sommige Jode is kinders van die belofte. Net aan sommige Jode oor wie die Here in die ewigheid 'n besluit geneem het, word dus gered – nie almal nie. Is God onregverdig as Hy so maak met die Jode? Nee, Hy is nie onregverdig nie. Hy is juis genadig en barmhartig wanneer Hy sommige Jode red, want alle Jode verdien tog die ewige straf van God.

Daarom kan geen Jood op die ewige lewe aanspraak maak net omdat hy 'n Jood is wat van Abraham afstam nie. Die ewige lewe is nie aan Ismael belowe nie maar aan Isak. Net so is daar mense wat uit Christen-ouers gebore is en in die kerk grootgemaak word. Hulle is gedoop en baie van hulle het al belydenis van geloof gedoen. Maar niemand kan sommer die afleiding maak – omdat my ouers Christene is, en omdat ek gedoop is en in die kerk grootgeword het, en omdat ek belydenis van geloof gedoen het, het ek die ewige lewe nie. Die Heilige Gees moet die nuwe lewe in Christus aan 'n mens gee. En Hy gee dit net aan die mense aan wie God die belofte van verlossing gee. Dit is die mense oor wie die Here in die ewigheid 'n besluit geneem het om hulle lief te hê en hulle gelykvormig te maak aan die beeld van sy Seun, ongeag wie hulle is en wat hulle sal doen.

Die ongelowige Jode in Rome sou op hierdie eerste voorbeeld van Paulus kon sê: Ja, maar onthou, Ismael se ma was Hagar die Egiptiese slavin. Daarom is dit te verstane dat net Isak die kind van die belofte is aan wie God die geestelike seën belowe het. Paulus het hierdie argument veronderstel, daarom het hy 'n tweede voorbeeld gegee van Isak se twee seuns.

Rebekka was net een keer swanger by Isak.

Toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie - dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep - is vir haar gesê: Die oudste sal die jongste dien.

(Romeine 9:11-12 AFR53).

Jakob en Esau het dieselfde pa en ma en hulle is boonop nog 'n tweeling ook. God se besluit oor 'n mens in die ewigheid is dus nie gegrond op wie jou ouers is nie. Verder is God se besluit om iemand uit te verkies ook nie bepaal deur die geaardheid van die mens of wat hy sal doen of gedoen het nie. Slegs omdat God Homself wil verheerlik deur Jakob het Hy vir Jakob uitverkies. Kyk 'n mens na hoe Jakob na sy geboorte was, sal 'n mens nie

regtig 'n verskil tussen hom en Esau kon opmerk wat betref goeie hoedanighede nie. Esau was 'n rowwe ou wat van die veld gehou het. Vir hom het die lewe gegaan oor wat hy daaruit kon kry. Jakob was nie beter nie, hy was net anders rof. Hy het nie 'n oog geknip om sy broer se eersgeboortereg van hom in die hande te kry nie. Hy het ook niks daarvan gedink om sy pa wat al blind was te bedrieg nie.

Alhoewel albei Isak se seuns met sonde deurtrek is, het God Homself voorgeneem om Homself deur Jakob te verheerlik. Daarom kies Hy vir Jakob nog voor die skepping van die wêreld. En nog voor Jakob en Esau se geboorte sê die Here vir Rebekka dat Hy die jongste gekies het. Niks binne-in Jakob of wat Jakob gedoen het, het die Here oortuig om hom te kies nie. Ook nie eers die normale voorkeure van mense het die Here se voorneme beïnvloed nie, want Hy sê self dat die oudste die jongste sal dien en nie andersom soos gewoonlik nie.

God se voorneme om 'n sekere aantal mense uit die hele menigte sondaars uit te verkies en as sy kinders aan te neem, berus op sy welbehag. Hy wil mense hê wat Hom ken en dien en sy lof en eer besing. Daarom kies Hy hulle uit. Vir hierdie mense wat Hy uitverkies het, het Hy ook sy Seun na hierdie wêreld gestuur om hulle te verlos. Die Heilige Gees skenk aan hierdie uitverkorenes die saligmakende geloof sodat hulle in Christus as hulle Verlosser kan glo. Niks wat mense doen of besluit kan ooit God se voorneme of besluit omvergooi nie.

'n Mens moet eintlik die hele geskiedenis van God met Jakob deurlees om te sien hoe die Here tog sy voorneme om Homself deur Jakob te verheerlik verwesenlik het. Dit het 'n lang tyd geneem, maar uiteindelik het Jakob hom ten volle aan die Here onderwerp en die Here geglo soos sy grootvader Abraham die Here geglo het. Die Here se beloftes van seën aan Israel het dus nie tot niet gegaan omdat 'n klomp Jode in Paulus se tyd vir Jesus verwerp het nie. Die Here het sy beloftes waar laat word vir die Israëliete wat Hy voorgeneem het om uit te verkies – Israëliete soos Paulus en Petrus en Johannes en die ander apostels.

Geliefde broers, susters en kinders, as jy die Here jou God liefhet met jou hele hart, met jou hele verstand en al jou kragte omdat Hy jou volgens sy voorneme geroep het, dan kan jy seker wees dat die Here ook met jou gaan bereik wat Hy in die ewigheid besluit het. Hy gaan Homself deur jou verheerlik. Jou verkiesing en verlossing is dan vas en seker omdat

dit berus op God se welbehag en nie oor wie jy of jou ouers is nie en ook nie oor wat jou geaardheid of jou doen en late is nie.

Wanneer die Heilige Gees dan in jou die lewendmakende geloof opgewek het en jou oortuig het dat Christus ook jou van al jou sondes verlos het, maak jou roeping en verkiesing vas. Hoe doen 'n mens dit? Jy lê jouself daarop toe om Jesus Christus nog beter te leer ken en ook sy Vader wat Hom gestuur het. Sodoende sal jy nog meer eer en lof aan die Here toebring wat Hom toekom.

Amen!

Slotgebed

Psalm 50:7, 11 (p. 255)

- 7 “Kom, offer Gode dank en prys! / Geloftes aan die HEER gedaan,
betaal dit Hom met eerbewys! / En roep in tyd van nood My aan.
Ek sal jou uithelp, sê die HEER; / en dankbaar-bly sal jy My eer.”
- 11 “Hy wat sy dank My offer met / 'n hart gestem tot lof en prys,
wat op sy weg en wandel let – / hý is dit wat My eer bewys.
En, daar hy op my guns vertrou, / sal hy met vreug my heil aanskou.”

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 12-5

Jesus, Verlosser / Seun van ons Vader,
Van al my sondes maak U my vry.
U Naam is enig, / U leef vir ewig,
U het gesterf, o Heer, vir my.

Heidelbergse Kategismus Sondag 11 (Vraag en Antwoord 29)

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
2 Augustus 2015